Scattered in between his analysis, Tournadre includes 11 sub-sections, mostly anecdotes, separated from the rest of the text by their placement in grey boxes. One features the 57-year-old Levy who works as a reconnector for the SECC. Another tells the story of a Abahlali baseMjondolo mass meeting held in Khayelitsha, featuring speeches, singing and dancing. At times these short narratives feel out of place between his dense writing, but they do bring the reader slightly closer to the on-the-ground tactics of these organisations.

Finally, Tournadre ambitiously aims to provide the reader with an overview of post-apartheid protest while also giving us a sense of "what is actually happening *in the field*", the "ordinary social relations and apparently innocuous moments that make up daily life in the townships" (p. xiii). He succeeds in the former but leaves the reader rather disappointed regarding the latter as one experiences a degree of distance between the author and the activists and organisations he studied.

## *South Africa versus Rommel. The untold story of the Desert War in World War II*

(Review in Afrikaans)

**(Delta Books, Johannesburg en Kaapstad, 2018. ISBN 978-1-92824-807-1)**

**D Brock Katz**

Wessel Visser
*University of Stellenbosch*
wpv@sun.ac.za

Alhoewel daar alreeds 'n hele korpus van literatuur oor Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog en spesifiek die Unieverdedigingsmag se aandeel aan die veldtogte in Oos-en Noord-Afrika bestaan, is hierdie publikasie deur David Katz nie maar slegs 'n gewone toevoeging tot daardie militêre historiografie nie.

Katz benader die onderwerp vanuit die oogpunt van 'n militêre akademikus deur voor die aanvang van die inhoudelike hoofstukke eers behoorlike bronnekritiek toe te pas op die bestaande gepubliseerde literatuur oor Suid-Afrika se betrokkenheid in Oos-Afrika en by die sogenaamde woestynoorlog in Noord-Afrika. Die skrywer het 'n indrukwekkende lys van boeke, amptelike en semi-amptelik gepubliseerde staatsgeskiedenisse, biografieë, tesisse, internetbronne en akademiese tydskrifartikels geraadpleeg. Daarbenewens het hy uitgebreide

en instensiewe navorsing gedoen in die Militêre Argief Dokumentasiesentrum van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag en die Nasionale Argief van Suid-Afrika te Pretoria, asook in buitelandse argiewe soos die Britse Nasionale Argief. Katz is een van min militêre historici wat ook 'n intensiewe studie van die vertaalde Italiaanse en Duitse weergawes van die militêre veldtogte in Noord-Afrika gedoen het ten einde 'n meer gebalanseerde siening van die verskillende weermagte se betrokkenheid by die stryd weer te gee, alhoewel sy fokus uiteraard die Unieverdedigingsmag is. Hy verklaar dat baie historici die uiters belangrike aandeel van die Koninklike Italiaanse Weermag tot die aanvanklike militêre suksesse van die *Deutsches Afrika Korps* van veldmaarskalk Erwin Rommel in Noord-Afrika misgekyk het as gevolg van die mite van die Italianers se veronderstelde minderwaardige militêre optrede en vermoëns.

Bogenoemde is dan ook 'n kenmerk van Katz se ewewigtige benadering tot die studie. Hy draai geen doekies om nie en die foute en prestasies van die bevelvoerders en die Suid-Afrikaanse en ander Gemenebes leërs wat aan die Britse Agste Leër in Noord-Afrika verbonde was, sowel as dié van die Duitse en Italiaanse magte, word sonder aansiens des persoons bespreek en aan die kaak gestel.

Die boek betaan uit agt inhoudelike hoofstukke. Soos baie ander Geallieerde leërs was die Unieverdedigingsmag met die uitbreek van die oorlog nie juis gerat of opgelei vir grootskaalse oorlogvoering nie maar het tog deur die mobilisering van die plooibare Suid-Afrikaanse oorlogsekonomie daarin geslaag om die Eerste Suid-Afrikaanse Infanterie Brigade onder leiding van kolonel (later generaal) Dan Pienaar gevegsgereed te kry. Hoofstuk twee bespreek die Suid-Afrikaanse veldtog van Julie 1940 tot Junie 1941 in Oos-Afrika. Die relatiewe plat landskap van die streek het die Suid-Afrikaanse voorkeur vir mobiele oorlogvoering en omsingelingsmaneuvers soos 'n handskoen gepas en die veldtogte van 61 Gemeganiseerde Bataljongroep onder leiding van genl.-maj. Roland de Vries tydens die Grensoorlog van die tagtigterjare sou ook grootliks op hierdie taktiese doktrine gebaseer wees.

Na afhandeling van hierdie susksesvolle veldtog, waarin veral die Italiaanse steuntroepe nie veel weerstand aan die Suid-Afrikaners gebied het nie, is die Suid-Afrikaanse leëreenhede na Noord-Afrika in die Libiese woestyn ontplooi waar dit deel gevorm het van die Britse Agste Leër onder die opperbevel van genl. Wavell en later genl. Auchinleck. Tydens die woestynoorlog sou die Suid-Afrikaners, in teenstelling met hulle ervaring in Oos-Afrika, dikwels egter meer teenspoed as voorspoed ervaar. In hoofstuk drie ontleed Katz die

moontlike aanleidende oorsake tot hierdie situasie en skryf dit toe aan die verskillende benaderings in militêre doktrine tot oorlogvoering tussen die Britse en Duitse opperbevelstrukture. Tydens die woestynoorlog het die Duitse *Wehrmacht*, soos vergestalt in sy *Afrika Korps* onder leiding van Rommel, van die beginsel uitgegaan dat die oorhand oor die vyand ten beste verkry kon word deur 'n konsentrasie van voldoende mannekrag en mobiele, gekombineerde krygstuig bestaande uit infanterie, artillerie en panser by die gekose aanvalspunt (*Schwerpunkt*).

Daarteenoor was die Britse benadering eerder op statiese verdediging van verdedigingslyne ingestel en geneig om hulle magte eerder daarvolgens te versprei in sogenaamde "Jock Columns", as om maksimum vuurkrag op 'n stra-tegies voordelige punt soos die Duitsers te konsentreer. As gevolg van hulle voorkeur vir mobiele oorlogmaneuvers was statiese gevegstellings en hulle aversie vir hoë ongevalle tydens frontale aanvalsinisiatiewe volgens Katz 'n vervloeking vir die Suid-Afrikaners. In hierdie opsig het veral genl. Dan Pienaar, as bevelvoerder van die Eerste Suid-Afrikaanse Infanterie Brigade (later Divisie), dikwels met die Britse opperbevel gebots en soms amper tot op die punt van insubordinasie geweier om sekere bevele uit te voer waar die Suid-Afrikaanse magte die vyand trompop sou moes loop, of het dit probeer omseil deur sekere voorafbepaalde strategiese opmarspunte nie betyds te bereik nie.

In hoofstukke vier tot ses word die Suid-Afrikaanse deelname aan gevegte in Noord-Afrika as deel van Operasie Crusader bespreek. Katz ontleed indringend die gemengde suksesse en neerlae van die Suid-Afrikaanse magte by Gazala en Sidi Rezegh. Hy beskryf die redes waarom Rommel se *Afrika Korps* ten spyte van minder troepe en wapentuig die Geallieerdes met die Duitse *Schwerpunkt*-taktiek uitoorlê het en onder andere die Vyfde Suid-Afrikaanse Infanterie Brigade feitlik vernietig het. Katz wys veral op twee punte wat nie in diepte in die bestaande literatuur oor Suid-Afrika se deelname aan die woestynoorlog belig word nie.

Ten eerste het die Italiaanse troepe in Libië baie sterker en verwoed weerstand gebied om die Suid-Afrikaanse aanvalsinisiatiewe by Gazala af te weer, selfs tot die mate dat die Suid-Afrikaners in sommige gevalle die aftog moes blaas. Oorhoofs skryf Katz die Suid-Afrikaanse flaters deels ook toe aan die Britse stellingkrygstaktiek wat eerder op statiese verdediging ingestel was en aanvalsinisiatief aan Rommel oorgelaat het. Hier word genl. Dan Pienaar, wat in bestaande literatuur, op enkele werke na, oorwegend as 'n onbesproke Suid-Afrikaanse militêre held voorgehou word, egter in meer kontroversiële

terme geskets. Met sy obstruksionistiese houding en weerstand teen statiese oorlogvoering verset Pienaar hom daarteen om sekere militêre maneuvers in opdrag van die Britse opperbevel uit te voer. Hy het min vertroue in die Britse bevelsvermoë gehad wat, volgens hom, onnodig troepe deur sinnelose taktiek opgeoffer het. Aan die anderkant is die oorversigtigheid en aarseling van die Suid-Afrikaande magte onder bevel van Pienaar om tot aksie oor te gaan in sekere kringe in die Britse Agste Leër selfs as vorme van lafhartigheid beskou.

Dit was ook verhelderend om te lees van die invloed wat politiek op die Geallieerde krygsmaneuvers tydens die woestynoorlog uitgeoefen. Katz beskryf gevalle waar Pienaar ten opsigte van die Suid-Afrikaanse magte en lt.-genl. Bernard Freyberg, bevelvoerder van die Tweede Nieu-Seelandse Infanterie Divisie, van hulle politieke konneksies tuis (in Pienaar se geval genl. Smuts) gebruik gemaak het om in weerwil van Britse militêre gesag afwisseling vir hulle beproefde magte na swaar veldslae te bewerkstellig. Dit is ’n goeie illustrasie van die ou gesegde van Carl von Clausewitz dat oorlog niks anders is as ’n voortsetting van politiek deur die toevoeging van ander middele nie.

Hoofstuk sewe beskryf die rampspoedige val van Tobruk in die hande van die Duitse magte in 1942. Katz skryf dit veral aan twee faktore toe. In die eerste plek was daar klaarblyklik verwarring of ’n kommunikasiegebrek tussen Winston Churchill, die Britse Eerste Minister, en die opperbevel van die Britse Agste Leër, of Tobruk daadwerklik en ten alle koste as ’n strategiese Geallieerde vesting verdedig moes word en of die Britse magte moes terugval na ’n posisie in die rigting van Egipte om vandaar vir ’n teenaanval teen die Duitsers te hergroepeer. Tweedens, weens ’n sameloop van bevorderingsomstandighede, is die verkeerde persoon op die verkeerde tydstip in bevel van Tobruk geplaas. Genl.-maj. Hendrik Klopper is sonder enige oorlogservaring direk vanuit Pretoria as bevelvoerder van die ewe onervare Tweede Suid-Afrikaanse Infanterie Divisie na Tobruk oorgeplaas. Hierdie ongelukkige sameloop van omstandighede, asook verwarring oor die verdediging van die behoud van Tobruk, aldan nie, het daartoe gelei dat toe Rommel se magte met misleidingstaktiek die vesting aangeval het, Klopper en sy bevelvoerders te lank geaarsel het om tot aksie van watter aard ook al oor te gaan en toe in verdwaasde verstarring, sonder veel slag of stoot, aan die Duitsers moes oorgee.

Churchill se vroegtydige vervanging van Auchinleck deur veldmaarskalk Bernard Montgomery as opperbevlevoerder van die Briste magte in Noord-Afrika voor die beslissende Slag van El Alamein, wat in hoofstuk agt bespreek word, was nie net voordelig vir die Geallieerde magte aldaar in die algemeen nie, maar

in die besonder ook voordelig vir die lotgevalle van genl. Dan Pienaar. Anders as in die geval met sy voorgangers, het Pienaar Montgomery se verandering van die taktiek van statiese oorlogvoering met ope arms aanvaar en laasgenoemde onvoorwaardelik ondersteun. By El Alamein is die Duitse opmars uiteindelik gestuit waarin die vuurkrag van die Suid-Afrikaanse artillerie 'n deurslaggewende rol gespeel het en waarna die Eerste Suid-Afrikaanse Infanterie Divisie aan die oorlogsteater in Noord-Afrika onttrek het.

'n Paar punte van kritiek op Katz se studie is wel ter sake. In die aanloop tot die Slag van El Alamein word 'n kontroversiële beeld van genl. Dan Pienaar ten opsigte van sy militêre leierskap geskets. Het dit bloot daaroor gegaan dat hy minagtend en wantrouend teenoor die militêre strategie van die Britse opperbevel gestaan het of was hy aarselend of bang om te waag? Aan die ander kant, gegewe sy populariteit onder die Suid-Afrikaanse magte, het dit werklik oor sy besorgdheid gegaan dat sy troepe volgens sy oordeel onnodig ongevalle kon opdoen? Daar was maneuvers en veldslae tydens die Oos- en Noord-Afrika-veldtogte waar Pienaar hom uitstekend van sy taak gekwyt het. Katz verklaar dat sou Pienaar nie tragies en voortydig in 'n vliegtuigongeluk in Kenia in 1942 op pad na Suid-Afrika gesterf het nie, hy sonder twyfel die Sesde Suid-Afrikaanse Panser Divisie in Italië sou aanvoer in voortsetting van Suid-Afrika se militêre betrokkenheid by die Tweede Wêreldoorlog. 'n Volledige oordeel oor Pienaar se militêre vermoëns is dus by implikasie nie moontlik nie. Tog, op grond van sy optrede tot en met sy afsterwe, sou mens wou sien dat die skrywer bietjie meer oordeel fel en standpunt inneem aangaande Pienaar se militêre karakter, op soortgelyke wyse as wat hy Klopper se karaktereienskappe en militêre vermoëns beoordeel het.

Vanaf hoofstuk vier tot sewe word die deelname, suksesse en mislukkings van die Suid-Afrikaanse magte in detail beskryf. Dit sluit ook 'n aantal nuttige gevegskaarte in wat die militêre maneuvers en veldslae van die Geallieerde, sowel as die Spil-magte illustratief goed uitbeeld. Alhoewel die Eerste Suid-Afrikaanse Infanterie Divisie slegs aan 'n flankgedeelte van die Britse Agste Leër aan die Slag van El Alamein deelgeneem het, en daarna ontbind is en na Suid-Afrika teruggekeer het, was hulle aandeel aan die slag, soos reeds genoem, onontbeerlik om Rommel se opmars te help stuit. Daarom sou mens tog bietjie meer van 'n gedetaileerde beskrywing van die Suid-Afrikaanse troepemaneuvers in hoofstuk agt wou sien. Verder is die gebrek aan 'n gevegskaart, wat die maneuvers van die Geallieerde en Spil-magte tydens die Slag van El Alamein illustatief sou kon uitbeeld, 'n groot leemte in hierdie hoofstuk. Ter wille van leke-lesers van militêre geskiedenis sou

dit ook van nut kon wees indien die skrywer aan die begin van die boek 'n skematiese uiteensetting kon gee van militêre terme soos brigades, divisies, korps, ensovoorts.

Nietemin is hierdie studie van David Katz 'n uitstekende voorbeeld van hoe krygsgeskiedenis, wat militêre doktine, takiek en maneuvers ontleed en bespreek, geskryf behoort te word. Dit behoort ook as verpligte leesstof oor militêre geskiedenis vir offisiere in opleiding aan die Suid-Afrikaanse Leërkollege te dien.